

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

## Bester NO v Nel en Andere (17004/2008) [2008] ZAGPHC 402 (12 December 2008)

[2008] ZAGPHC 402

COURT

High Courts - Gauteng

BEFORE

Pretorius

CASE / FILE NUMBER

17004/2008

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Saak nommer: 17004/2008

Datum: 12 Desember 2008

Not reportable

In die saak tussen:

TOBIAS CHRISTIAAN BESTER N.O. Eerste Applikant

en

MARITZA NEL Eerste Respondent

RENEE STEYN Tweede Respondent

CATHARINA SOPHIA PIENAAR Derde Respondent

GERTRUIDA CATHARINA JOHANNA GEYSER Vierde Respondent

CHRISTIAAN ERNST GERHARDUS STEYN Vyfde Respondent

FRANCINA PETRONELLA LOCH Sesde Respondent

ARINA GERTRUIDA STEYN Sewende Respondent

GERT JACOBUS STEYN Agtste Respondent

JACOBUS FRANCOIS RETIEF Negende Respondent

GERT JACOBUS JORDAAN Tiende Respondent

GERTRUIDA CATHARINA JOHANNA DU PLESSIS Elfde Respondent

ADRIAAN JOHANNES PETRUS JORDAAN Twaalfde Respondent

DIE REGISTREUR VAN AKTES (JHB) Dertiende Respondent

UITSPRAAK

-----  
PRETORIUS R,

In hierdie aansoek versoek die applikant in sy hoedanigheid as eksekuteur van die bestorwe boedel van Gert Johannes Steyn die volgende regshulp:

*“1. Dat dit word verklaar dat die woorde “ons kinders” in klousule B van die gesamentlike testament gedateer 19 Oktober 1998 van wyle Gert Jacobus Steyn (610319 0042 081) en Ingrid Steyn (610319 0042 081), (“die gesamentlike testament”)*

beteken die kinders van Ingrid Steyn, synde Maritza Nel en Renee Steyn;

2. In die alternatief tot bede 1 hierbo dat dit verklaar word dat die gesamentlike testament geïnterpreteer word op die basis dat die woorde “ons kinders” geag word as pro non scripto te wees;
3. Dat die koste van hierdie aansoek, uitgesluit enige koste van opposisie, deur die bestorwe boedels van Gert Jacobus Steyn (610319 0042 081) en Ingrid Steyn (610319 0042 081) betaal word, alternatiewelik dat die Respondente wat hierdie aansoek onsuksesvol

opponeer die koste van hierdie aansoek betaal.”

Die applikant versoek die hof dus om ‘n verklarende bevel ten opsigte van die gesamentlike testament van die oorledene en Me Ingrid Steyn, sy eggenote te maak.

Die klousule in die testament wat aanleiding gee tot hierdie aansoek lees as volg:

*“B Testament van die langlewende*

Indien die langlewende van ons te sterwe kom sonder ‘n geldige testament, bemaak sodanige langlewende sy of haar boedel aan ons kinders, of hulle wettige afstammeling by wyse van plaasvervulling.

C Gelyktydige afsterwe

Indien ons in omstandighede te sterwe kom waar dit nie vasgestel kan word wie die eerssterwende van ons is nie, bepaal ons dat die voorafgaande afdeling B van hierdie testament van toepassing sal wees op ons respektiewelike boedels.”

Die eerste en tweede respondente is die kinders van genoemde Mev Ingrid Steyn, uit 'n vorige huwelik. Ten tye van Mnr Gert Steyn se afsterwe was Mev Ingrid Steyn met hom getroud. Mnr Steyn het vyf broers en susters gehad. Die derde en vierde respondente is sy susters en die vyfde respondent sy broer. Die sesde tot twaalfde respondente is die kinders van die twee broers wat voor die oorledene oorlede is.

In Mev Steyn se bestorwe boedel is daar 'n eerste en finale likwidasië- en distribusie rekening opgestel wat deur die Meester goedgekeur is. Die rekening het sonder besware gelê en is die uitbetalings gemaak. Daar is ook 'n laaste en finale distribusiërekening opgestel vir Mnr Gert Steyn waarin dit geïnterpreteer is dat "ons kinders" verwys na die eerste en tweede respondente. Die applikant het die dokumentasie om die onroerende eiendom aan die eerste en tweede respondente oor te dra by die akte kantoor ingedien. Dit is verwerp op grond daarvan dat die registrateur van aktes van mening was dat die oorledene intestaat oorlede is, aangesien die eerste en tweede respondente nie, volgens hom, die natuurlike kinders van die oorledene was nie. Dit het aanleiding gegee tot die loods van hierdie aansoek.

Mnr Gert Steyn en Mev Ingrid Steyn is op 4 Maart 1996 met mekaar getroud. Hulle het op 19 Oktober 1998 'n gesamentlike testament verly. Beide van hulle was vantevore getroud. Mev Ingrid Steyn het 2 dogters uit die vorige huwelik gehad, naamlik die 1se en 2e respondente wat tans 28 jaar en 25 jaar oud is. Hulle was tydens die sluiting van die huwelik tussen Mnr Gert Steyn en Mev Ingrid Steyn in Maart 1996 onderskeidelik 15 jaar en 12 jaar oud.

Mr Steyn en Mev Steyn kon nooit kinders van hulle eie gehad het nie, aangesien dit gemeensaak is dat Mnr Steyn steriel was. Mev Steyn het 'n histerektomie gehad en kon ook nie kinders hê nie. Daar kon dus nooit sprake wees van gesamentlike kinders op enige stadium nie. Op 23 November 2005 is beide Mnr en Mev Steyn gelyktydig in 'n motorongeluk oorlede.

Dit blyk uit die testament dat die partye binne gemeenskap van goedere getroud was:

*"Ons die ondergetekendes,*

Testateur, GERT JACOBUS STEYN

ID nommer, 5403205157085

Testatrise, INGRID STEYN

Nooiensvan, TAMSEN

ID nommer, 6103190042081

Tans woonagtig te, CENTURION

gades te getroud binne gemeenskap van goedere, herroep hiermee alle vorige testamente, kodisille en enige ander testamentêre aktes van watter aard ookal, voorheen deur ons gemaak en verklaar die volgende ons testament te wees." (my beklemtoning).

Daar is beëdigde verklarings liasseer deur die 5e respondent, namens die derde, vierde, negende, tiende, elfde en twaalfde respondente, en dan ook deur die sesde respondent. Daar is ook 'n beëdigde verklaring deur die vyfde respondent se prokureur afgelê wat uiteensit waarom die hof behoort te bevind die oorledene intestaat geërf het. Die sesde respondent het die vyfde respondent en ander respondente ondersteun en verder net beweer dat die oorledene van "Ingrid se dogters" gepraat het, en dit as 'n rede aangevoer waarom "ons kinders" nie die eerste en tweede respondente is nie.

In LAWSA par 380 word kommentaar gelewer:

*"In interpreting a will, the court is entitled to have regard to the material facts and circumstances known to the testator when he made it: it puts itself in the testator's armchair. The admission of "armchair" evidence does not, however, mean that "the intention of the testator may be sought by reasoning or conjecture not founded upon the scheme and terms of the will ... It is in the will that the indications and pointers must be sought, but it is permissible and sometimes essential to read and interpret the will in the light of the relevant circumstances existing at the time of its making." (my beklemtoning)*

Die hof moet dus die bedoeling van die oorledene vasstel uit die taalgebruik wat in die testament gebruik is. Indien die testateur, die oorledene, woorde in hulle gewone vorm gebruik het en dit sin maak ten opsigte van die agtergrond en omringende omstandighede, moet dit uitgelê word in die gewone betekenis van die woorde, behalwe waar die gewone en duidelike betekenis van die woorde

aanleiding sal gee tot 'n belaglikheid of absurditeit. In *Ex parte Froy: in re estate Brodie 1954(2) SA 366(C)* het die hof bepaal op p 370:

*"What a man intends, and the expression of his intention, are two different things. He is bound, and those who take after him are bound, by his expressed intentions. ( Per BARGRAVE-DEAN, J., in Simpson v. Foxon , 1907 P. at p. 57.) These principles are indeed well established; but, because of the approach revealed in the affidavits, it is necessary that they should be emphasised at the outset of the enquiry. It is, however, equally well established that, in determining the wishes of the testator as expressed in the language used by him in his will, the Court is not wholly confined to the written word." (my beklemtoning)*

In *In re Harrison (1885) 30 Ch 390 te 393-394* is beslis dat die hof, wanneer die hof 'n testament uitleê 'n uitleg moet voorstaan wat tot gevolg sal hê dat die testante erfreg toegepas word en nie intestante erfreg nie.

In *Ex parte Mouton 1955(4) SA 460 (A)* is beslis deur van den Heever AR:

*"Die feit dat 'n testamentere beskikking in sigself dubbelsinnig of selfs 'veelsinnig' is bring nog nie mee dat dit nietig is nie. In so 'n geval is dit - wanneer dit nodig word - die Hof se plig om na oorweging van al die omstandighede en met behulp van erkende vooropstellings en presumpsies vas te stel welke van die moontlike vertolkings waarskynlik die bedoeling van die testateur weergee en dus ten uitvoer gelê moet word. (Sien Voet 28.7.30; D . 34.2.2.33; 33.10.3.5; 35.1.19). Dit is juis daardie dubbelsinnigheid*

wat eksterne bewyse toelaat.

Dit is slegs indien 'n voorwaarde perplex is, d.w.s. indien hy in sigself vir geen redelike vertolking vatbaar is nie ( perplexitas verborum) of indien die feitlikhede waarop hy betrekking sou hê eenvoudig nie daarmee (selfs deur toepassing van die cyprèsreël)

gerym kan word nie ( perplexitas rerum) dat daar sprake kan wees van nietigheid weens onuitvoerbaarheid” (my beklemtoning).

Mnr Hulley, vir die eerste en tweede respondente argumenteer dat die hof in hierdie omstandighede nie slegs moet bepaal wat Mnr Steyn se bedoeling was

toe hy melding gemaak het van “ons kinders” nie, maar wat beide Mnr Steyn en Mev Steyn se bedoeling was toe hulle die woorde “ons kinders” gemeld het. Die gebruik van “ons” dui tog daarop dat dit nie net Mev Steyn se kinders was nie, maar dat hulle die kinders as hulle gesamentlike kinders beskou het. Die gevolgtrekking kan dan slegs wees dat “ons kinders” verwys na kinders wat beide Mnr Steyn en Mev Steyn as gemeensaak beskou het en dit kan slegs Mev Steyn se kinders wees.

Die hof moet ook die vermoede teen intestate opvolging in aanmerking neem wanneer die hof ‘n besluit maak. Die hof moet die volgende feite in aanmerking neem om tot ‘n besluit te kom naamlik, die ouderdom van Mnr Steyn, sy gesondheid, lewensverwagting, die samestelling van sy gesin – in die geval Mev Steyn en haar twee dogters wat by hom gewoon het – en die bewoording van die testament.

Die hof is verwys na Boswell en Andere v Van Tonder 1975(3) SA 29(A) waar Jansen AR beslis het ten opsigte van aangenome kinders, wat natuurlik nie hier van toepassing is nie.

Dit is gemeensaak dat die oorledene nie die kinders, dit is eerste en tweede respondente, van Mev Steyn aangeneem het nie. Verder is dit gemeensaak dat die oorlede egpaar nooit gesamentlik kinders kon hê.

As die hof die testament in sy geheel lees en in aanmerking neem dat die partye binne gemeenskap van goed getroud was en albei die testament op 19 Oktober 1998 onderteken het, kan die hof nie anders as om te beslis dat “ons kinders” verwys na Mev Steyn se kinders nie en dat hulle wel die erfgename van Mnr Steyn se gedeelte van die gesamentlike boedel is.

Mnr de Klerk het namens die derde tot die vyfde en die negende tot die twaalfde respondente betoog dat die applikant die koste van die aansoek op ‘n de bonis proprii skaal moet betaal, aangesien Saambou Eksekuteurskamer ‘n dubbelsinnige testament namens die oorledene opgestel het. Ek moet

met Mnre Els, Hulley en Korf saamstem dat so ‘n argument nie houdbaar is nie. Saambou Eksekuteurskamer BPK is ook nie ‘n

party voor die hof nie en kan die hof geen bevel ten opsigte van koste teen hulle maak nie.

Ek verstaan ook nie Mnr de Klerk se argument dat die applikant 'n bestrawwende koste bevel moet betaal, aangesien volgens Mnr de Klerk die eksekuteur self die testament moet uitlê en gevolg aan gee. Mnr Els, vir die applikant, is korrek deur te argumenteer dat die applikant geen keuse het as om aansoek te doen vir 'n verklarende bevel in hierdie aangeleentheid nie. Mnr Els versoek wel die hof om die ondersteunende eedsverklaring van Mnr R Kruger, die opdraggewende prokureur van die derde, vierde, vyfde, negende, tiende, elfde en twaalfde respondente, vanaf paragraaf 4, nie toe te laat nie en te skrap.

In par 3.3 van sy eedsverklaring verklaar Mnr Kruger:

3.3 Ek huldig steeds die mening dat wyle mnr G J Steyn intestaat oorlede is, weens die feit dat hy geen kinders gehad het nie en dat die testament, bylaag "TB4" tot die funderende beëdigde verklaring, geen voorsiening maak vir "vervangende erfgename" nie;

3.4 Ek sal hierna aandui dat 'n oorledene se bloedverwante gemeenregtelik sy aangewese intestate erfgename is;

3.5 Ek bevestig dat die posisie met betrekking tot aangenome kinders, soos uiteengesit in bylaag "TB17" tot die funderende

beëdigde verklaring, tans nog so daar uitsien en dat bylaag "TB17" 'n korrekte weerspieëling daarvan

is;

Dan verklaar hy voorts:

In 'n poging om die agbare hof as beampte van die hof van hulp te wees, asook in die lig van die besondere aard van hierdie aansoek, deel ek nederig die uitslag van my navorsing in die subparagraawe hierna met die agbare hof:

Mnr Kruger hou dan verskeie sake aan die hof voor in sy eedsverklaring en haal volledig aan uit sodanige regspraak.

Hy maak dan ook afleidings na aanleiding van die aangehaalde regspraak:

*"Ek doen nederig aan die hand dat dit uit hierdie beslissing duidelik blyk dat die howe voorkeur gee aan bloedverwante, eerder as wettig aangenome kinders, laat staan nog enige voorkeur aan kinders wat nie eers wettig aangeneem is nie."*

Daaarna haal hy volledig uit verskeie woordeboeke aan. Hy verwys die hof ook na die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987.

Dan kom hy tot 'n gevolgtrekking met regsargumente. Mnr de Klerk het beswaar gemaak toe die hof aan Mnr Els gemeld het dat dit skyn asof iemand reeds die uitspraak probeer skryf het. Ek het die aanmerking teruggetrek, aangesien dit op 'n ligter noot gestel was. Ek moet egter met mnr Els saamstem dat die verklaring van Mnr Kruger vanaf paragraaf 4 tot en met paragraaf 8,

wat 17 bladsye beslaan, geskrap moet word. Mnr Els is korrek deur te argumenteer dat regsargument nie in antwoordende eedsverklarings hoort nie, aangesien regsverteenvoordigers in aansoeke hoofde van argument moet voorlê en dat hierdie argumente of deur die advokate of deur prokureurs met verskyningsbevoegdheid tydens die aanhoor van die aansoek argumenteer moet word. Daar bestaan ook nie 'n metode waarop 'n applikant in sy repliserende verklaring moet antwoord op sodanige regsargument nie. Mnr Korf, vir die sesde, sewende en agste respondentente vra ook dat die koste ten opsigte van Mnr Kruger se regsargumente nie toegelaat word nie. Sy argument is dat regsargumente in eedsverklarings nie toegelaat moet word nie, aangesien dit 'n duplisering van koste teweeg bring. Hierdie argument is deur die hof oorweeg en moet ek daarmee saamstem. Dit is ook duidelik dat sodanige regsargument in eedsverklarings eensydig sal wees en nie objektief kan wees nie, aangesien die prokureur 'n plig het om sy kliënt se saak te bevorder. Ek is van mening dat dit totaal onbehoorlik van 'n prokureur is om so 'n eedsverklaring af te lê.

In die lig daarvan dat dit nie onbillik was van die derde tot die twaalfde respondentente om die aansoek te oponeer nie, is ek van mening dat die koste, uitgesonder die koste van Mnr Kruger se verklaring, uit die oorledene se boedel betaal moet word.

Ek maak die volgende bevel:

1. Dit word verklaar dat die woorde “ons kinders” in klousule B van die gesamentlike testament gedateer 19 Oktober 1998 van wyle Gert Jacobus Steyn (610319 0042 081) en Ingrid Steyn (610319 0042 081), (“die gesamentlike testament”) beteken die kinders van Ingrid Steyn, synde Maritza Nel en Renee Steyn;
2. Dat die koste van hierdie aansoek deur die bestorwe boedel van Gert Jacobus Steyn (61031919 0042 081) betaal word uitgesluit die koste van Mnr R Kruger se eedsverklaring vanaf paragraaf 4 van die verklaring.

-----  
C Pretorius

Regter van die Hooggeregshof

Saak nommer : 17004/2008

Gehoor op : 3 Desember 2008

Vir die Applikant : APJ Els

Opdrag deur : van der Merwe & Associates

Vir die Respondente (1,2) : G I Hully

Opdrag deur : Salie & Salie

Vir die Respondente (3,4,5,9,10,11,12): L S De Klerk

Opdrag deur : Rynard Kruger

Vir die Respondente (6,7,8) : C A C Korf

Opdrag deur : Rossouw

Datum van Uitspraak : 12 Desember 2008

---

## Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

**ORIGINAL SOURCE**      <https://www.saflii.org/za/cases/ZAGPHC/2008/402.html>

**CASE PAGE**              <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/bester-no-v-nel-unknown-topic-agphc-2008>

Prepared on 9 October 2026 · Esheria